M: "[Hm. Toe jy toe jy met haar gesels?"

R: "Ja, sy het vir my gebel (1.0)."

M: "Uh?"

R: "En vir my gesê sy weet nou nie moet sy nou saam- (1.0) kom met my om julle te kom sien (1.0) of *wat* moet sy nou maak."

M: "Hm."

R: "Sy het nou 'n uh probleem met die man en die huwelik."

M: "Ek sien."

R: "So."

M: "Ja. Wat het wat het gebeur toe jy met haar begin huil het? (1.0) Waaroor het julle toe gesels?"

R: "Sy't nou sy't nou haar hart uitgepraat saam met my (1.0) oor oor die probleem van *haar* nou."

M: "Hm. Het jy vir *haar* hartseer gevoel?"

R: "Sy't nou gehuil aan die ander kant ="

M: "= Ja ja ="

R: "= En toe raak dit nou ook vir my."

M: "Hm."

R: "Verstaan jy?"

M: "Ja."

R: "Dis nie asof jy nou (1.5) byvoorbeeld 'n program op TV sien en daar's nou 'n sterfte of daar's 'n ongeluk en die mense huil (1.0) jy raak ook aan die huil."

M: "OK, ja."

R: "Sien. Daai soort."

M: "Ja, jy voel so half *saam* met ="

R: "= Ja, saam met ="

M: "= hulle. (1.0) OK. Ja. (1.0) Is (.5) voel jy (1.0) as jy in die dag (.5) as jy opstaan (.5) in die oggend (.5) voel jy beter in die oggend of in die aande? Wat is vir jou die lekkerder tye van [die dag?"

R: "[In die oggend voel ek (1.0) beter. Kyk, as ek nou gisteraand 'n *hewige* aand gehad het, dan (.5) more-oggend is *alles* weer weg. Ek ek ek weet van dit wat plaasgevind het, maar ek voel net weer beter na (.5) 'n slaap."

M: "Hm. Hm. OK. (2.5) En jy sê (.5) daai die dinge waarin jy gewoonweg in belangstel, is jy stel jy nog steeds daarin belang (1.0) soos jou kinders en (1.0) hierdie (1.0) hierdie groep vrouens wat jy wat jy het en so (1.0) Um (.5) is jou belangstelling daar?"

R: "Ja, my belangstelling is nog daar."

M: "Hm. (2.0) OK. (2.0) .hhh As jy moet vir my sê as jy nou (1.0) toekoms toe kyk, hoe lyk dit? (1.0) Hoe lyk die toekoms vir jou? Hoe voel jy daaroor?"

(3.0)

R: "Om die waarheid vir jou te sê (2.0) Ek het nou die dag (1.0) hier in die week, (1.0) het ek en my man weer so 'n vreeslike rusie gehad. (1.0) 'n Argument oor die (1.5) verblyf-probleem en sy jaloesie-probleem."

M: "Ja?"

R: "Toe't ek vir myself gesê ek weet nie (.5) of ek nog 'n toekoms saam met die man kon opbou nie."

M: "Hm."

R: "(2.0) Want ek het nou uitgesien (1.5) hoe ons nou dinge saam gaan doen en waar hoe't gaan ons nou saamlewe op die nuwe uh uh woonplek, (1.0) maar toe hy nou weer so alles wat ek in gedagte gehad het of af kom breek, toe's alles sommer net verlore vir my."

M: "Hm (.5) hm (2.0) Dis 'n groot slag vir jou, dié?"

R: "Ja, dis 'n groot slag."

M: "Hm (2.0) OK. (1.0) .hh (.5) Jou slaap in die aande (1.0) Hoe slaap jy?"

R: "Ek slaap swaar (1.0) Net in die begin (1.0) slaap ek swaar, maar as ek nou eers slaap vas aan die slaap (is), dan slaap ek nou (1.0) goed."

M: "OK. (1.0) Raak jy deur die nag wakker baie kere?"

R: "Nee."

M: "OK. En in die oggende? Wanneer raak jy wakker?"

R: "In die laaste tyd (.5) soos veral dié week eintlik so (1.0) voor 7 (.5) wakker geskrik (het nie 'n man wat ons wakker gemaak het nie en die) wekker was nie gestel nie {laughter}. En dan stel ek nou die wekker nou dat ek kan wakker skrik."

M: "Ja ja. OK. So so jy raak nie vroeg sê nou maar wakker en (1.0) probeer om aan die slaap te raak en jy kan nie. Jy raak met die (1.0) wanneer jy moet wakker word, raak jy dan (.5) skrik jy dan wakker?"

R {Confirms}: "Hm."

M: "Hm. OK. Het jy nagmerries ooit of of slegte (.5) drome?"

R: "Die afgelope tyd verlede week het ek baie slegte drome gehad."

M: "Hm."

(4.0)

M: "OK. As jy as jy wakker word in die oggend, hoe voel jy uitgerus? Voel jy dat jy (1.0) energie het vir die dag?"

R: "Somtyds dan (2.0) voel ek nou weer goed. Dan (1.0) staan ek op met 'n lekker gemoed, maar sodra ek my voet daar in daai werk gesit het, dan voel ek nie meer lus nie."

M: "Hm."

(3.0)

M: "Wat van eet? Hoe lyk jou aptyt? (1.0) Voel jy nog lus vir kos? (1.0) [Eet jy?"

R: "[Ek het 'n goeie eetlus sover."

M: "Is dit?

R: "Hm-m."

M: " Dit het nie verander in die afgelope paar weke nie? Is dit maar dieselfde soos gewoonlik?"

R: "Ja, dis dieselfde soos gewoonlik."

M: "OK. (1.0) Oraait. (1.0) En energie? Jy't netnou vir my gesê jy's nie (1.0) baie lus vir goeters nie, nè? Partykeers raak jy net (1.0) net half lusteloos. Is dit omdat jy nie fisies energie het nie of is dit hierbinne wat jy voel: 'Maar ag' (2.0) Um (2.0) Het jy nog dieselfde energie soos gewoonlik dat jy (.5) Raak jy gouer moeg (1.0) of is dit maar dieselfde soos altyd?"

(3.0)

R: "Ek het nog energie."

M: "Hm?"

R: "Om baie dinge te doen (1.5) Kyk byvoorbeeld as ons nou (.5) in 'n groep is, (1.0) dan pak ons mos nou verskillende take aan. Dan het ek die energie daarvoor. (1.0) Nou kom ek nou (1.0) by die huis. (1.5) Daar speel nou weer 'n musiek, (1.0) dan het ek nou weer energie. Die energie, dink ek, is soos gewoonlik."

M: "Hm."

R: "Dis nou net (1.0) so nou en dan (1.0) wat ek nou op een plek weer dink (oor my probleme) dan sal ek lank so sit en dink en dink."

M: "Ek sien."

R: "Somtyds dan kyk ek TV, maar dan's die gedagte nie daar nie. Dan maal die 'Waar *gat* ons bly?' in my kop."

M: "Ja [Ja."

R: "[So."

M: "OK. Oraait. (.5) En seks? Is jy nog lus daarvoor?"

R: "Nee, man. Die seksgevoel is nie (1.0)"

M: "Hm (1.0) nie daarso nie?"

R: "Nie van die beste nie."

M: "OK. Hoe lank is dit al? (1.0) Kan jy (.5)"

R: "Man, ek (2.0) ek is nie 'n warm mens nie. Ve- veral nou na die sterilisasie."

M: "Hm."

R: "(2.0) (waar ons altyd (1.0) kan gaan (1.0) kwaad slaap)

M: "Hm."

R: "So."

M: "Hm. Hm"

R: "En somtyds dan somtyds dan is dit nogals 'n probleem."

M: "(1.5) Hm? [Vertel vir "

R: "[Tussen ek en my man."

M: "Hm."

R: "Wanneer hy nou voel vir seks dan voel ek nie vir seks nie."

M: "Hm. (1.0) Wat maak julle dan?"

R: "Dan's hy nou net kwaad, dan lê hy met sy rug (1.0) na my of hy *SKEL*."

M: "O, ek sien. Hm. (1.0) Hoe voel jy dan? (.5) Wat maak dit aan jou (1.0) as dit nou gebeur?"

R: "Dan (.5) sê ek nou vir hom: 'Maar ek voel nie daarna nie. Ek het nou nie lus nie.' (1.0) En dan skel hy my bla- hy beskudig my en dan (1.0) waai ek net. Ek gee hom nie meer antwoord nie."

M: "Hm."

R: "Solank ek net kan slaap!"

M: "Hm."

{Laughs with Marian.}

M: "OK. OK. (1.0)"

{Marian checks whether recording is still running smoothly.}

M: "Jy't netnou vir my gesê dat dat eintlik (.5) dis nie so hartseer wat jy voel nie. Dis meer dat jy angstig voel, nè? Dat jy ge-*worried* is oor dinge."

R: "Hm."

M: "OK. Hm (.5) Ek gaan vir jou 'n paar (.5) dinge vra. Jy't vir my gesê jy kry hoofpyne. Voel jy ooit duiselig (1.0) [dat jy?"

R: "[Ja. Ja. My kop *gat* so."

M: "Uh-hu?"

R: "So."

M: "OK. Is dit ook in die afgelope tyd (1.0) nou?"

R: "Dis al 'n hele lang tyd (1.0)."

M: "Hm?"

R: "'n Hele lang tyd."

M: "Soos hoe hoe lank al omtrent (.5) maande of (.5)?"

R: "Maande."

M: "Maande?"

R: "Hm."

M: "Maande. OK. En sweterig? (.5) Raak jy sweterig dat jy voel jy (1.0) jou handpalms (.5) of onder jou arms dat jy meer as gewoonlik sweterig raak?"

R: "Oor die algemeen my hande."

M: "Jou hande. OK. (1.5) Hartkloppings? Wat daarvan? Dat jy (.5) dat dit skielik begin (.5) vinniger gaan?"

R: "Somtyds, maar nou nie so (.5) dikwels nie."

M: "OK. (.5) Druk- Wat van drukking op die bors? Wanneer 'n mens voel (1.0) Jy weet daai gevoel as iets swaar vir jou is? As jy nie kan asemhaal as-asof iemand jou DRUK."

R: "Ek het gisteraand (.5) so 'n vreeslike pyn hier gehad."

M: "Hm?"

R: "Hier. So. (.5) Maar ek weet ek is nie geSTAMP teen die bors nie (.5) en ek het nou gewonder (1.0) maar hoekom voel ek so?"

M: "Hm. Was dit die eerste keer?"

R: "Nee. Gisteraand was dit nogals -s pynliker (.5) seerder as (1.0) die vorige kere."

M: "OK."

R: "Die vorige kere dan (1.0) voel ek die drukking hier (1.0) so op my bors."

M: "Hm. (1.0) .hhh Het al die dinge erger geraak vandat jy nou hierdie slegte nuus gekry het (.5) oor jou man en (1.0) is dit of is dit dinge wat voor dit al aankom?"

R: "Die die die die borsdrukkings [is so nou en dan."

M: "[Hm?"

M: "Hm?"

R: "En die (2.0) die hoofpyne is eintlik die die die die ding wat die dikwels wat die meeste gebeur."

M: "Ja ja. OK. Wat van bewerigheid? Dat jy half (1.0) dat jy bewerig voel?"

R: "(2.0) So nou en dan voel ek bewerig."

M: "En (1.0) dat jy meer moet toilet toe gaan (.5) dat jy miskien (1.0) um"

{Rita answers inaudibly, but means 'No' to the last question.}

M: "dit nie gebeur nie? (.5) OK. (1.0) Warm gloede? Wanneer jy daai gloede kry wanneer jou wange en alles so warm word?"

R: "Dis net so nou en dan dat ek (.5) net benoud kry, veral as my kop so duiselig word."

M: "OK ="

R: "= Dan begin ek sommer hoofpyn te kry."

M: "Ja. Ja. (1.0) Hoe voel jou bene? Voel hulle ook swaar en lam? (2.0) Die res van jou liggaam (1.0) of dit baie swaar voel?"

R: "Ek weet nou nie of dit maar nou (1.0) 'n (1.0) *liggaamsboustruktuur* is nie."

M: "Ja?"

R: "Maar (.5) my bene is maar altyd (.5) am. Uh uh uh ek het maar altyd sulke lammerige bene."

M: "OK."

R: "*Val gou.* "

M: "Uh-hu."

R: "Dit het nog nooit by my gekom dat dit (1.0) miskien (1.0) 'n probleem is wat ek nog nie agtergekom het nie. (1.0) Soos 'n ou wat eintlik 'n oorsaak van iets nie."

M: "Jy bedoel jy jy ="

R: "Ek het nog nie dit besef nie (2.0)"

M: "OK."

R: "Miskien kan die lam- die lompheid (.5) DIT (1.0) kan [miskien die oorsaak wees. Ek het nog nie daaraan gedink nie."

M: "[Ja ja."

M: "Ja. Ja. Kom dit nou al 'n lang pad?"

R: "Ja."

M: "Hm. (2.0) OK."

R: "En nou het ek ook die enkel van my (1.5) was mos nou gebreek en nou is nou nog (1.0) probleemagtig."

M: "Hm. (1.0) Is dit ook 'n lang tyd wat dit gebreek het?"

R: "Is *in* die jaar."

M: "*In* die jaar?"

R: "Hm. In Maart. Maart. En in April het hy begin (.5) herstel-herstel. ( )."

M: "Het jy gevoel of?"

R: "Ja, ek het gevoel hy't ge*breek*."

M: "Hm."

R: "Ek het gevoel."

M: "Sjoe. OK. .hhh Um. (.5) Is daar tye ooit tye waar jy (1.0) *skielik* baie benoud raak en jy voel jy moet net uitkom? (1.5) Dat dat jy um (1.0) Gewoonlik kry mense dit (1.0) dis so 'n tyd wanneer jy regtig *paniek* (1.0) paniek is. Dat jy net (1.0) bang raak en jy wil net uitkom. Jy wil hardloop en wegkom. Het jy ooit daai gevoel?"

R: "*Dit* kry ek nou in die tyd wanneer ek en my man nou (2.0) skel of (1.0)

baklei."

M: "OK. Hoe voel dit? Kan jy vir my sê? Hoe is daai tye?"

R: "Dan is ek net bang."

M: "Hm."

R: "Verstaan?"

M: "Ja."

R: "Dis net daai bang gevoel."

M: "Ja ja. Voel jy dat jy gaan doodgaan of dat jy nie kan asemhaal of enige van daai dinge nie. (.5) Dat jy gaan flouval? .hh Het jy sulke gedagtes dalk of nie?"

R: "*Nee*. Ek (.5) Al- (1.0) Ek dink net altyd (1.5) hy *kan* my doodmaak. Dis altyd van drank (1.0)."

M: "OK."

R: "Op die manier hoe hy (1.0) uh die (.5) situasie hanteer."

M: "Ja ja."

R: "Verstaan? Somtyds as hy my nou *wurg* (1.0) dan kan ek mos nou nie asem kry nie."

M: "Ja ja."

R: "So."

M: "*Is* jy bang vir jou man, Rita?"

R: "(2.0) Vir baklei (1.5) ja. Want ons vrouens sal tog maar nooit 'n man kan wen nie."

M: "Hm."

R: "Maar om my sê te sê is ek nou nie bang nie!"

{Marian laughs.}

M: "OK. (1.0) Um (1.0) Het jy (.5) gevoel in die afgelope tyd dat jy miskien (.5) meer um dat jy sukkel om te konsentreer op jou werk of wat mense sê op die televisie? (1.0) Dat jy sukkel om (.5) om lekker by te hou wat (.5) wat aangaan?"

R: "Nee, by die werk het ek nie so 'n probleem nie, maar somtyds as ons (1.0) uh uh groep nou (.5) besig is uh dan (1.0) uh (1.0) konsentreer ek (2.0) somtyds 'n bietjie stadig."

M: "OK. [Ja."

R: "[Dan moet ek nou eers weer *inkom*"

M: "Ja."

R: "Jy moet nou eers weer verduidelik voor ek die ding vat, verstaan?"

M: "Hm."

R: "Dit verstaan."

M: "Ja. (1.0) Is dit iets wat jy onlangs opgetel het?"

R: "Ja, kyk (1.0) die gedagte is nou by jou en dan gaan dit weer weg."

M: "Hm."

R: "Jy jy (.5) ons kyk na mekaar toe, maar jy weet nie wat hierbinne aangaan nie."

M: "Hm hm."

R: "Verstaan?"

M: "Hm Hm."

R: "Daai tipe van ding."

M {Confirming that she understand}: "Hm hm. (1.0) OK. (.5) En jou

geheue? Het jy gevoel is daar 'n verandering in jou geheue dat jy miskien vergeetagtig (1.0) is of (1.0) of het dit nie by jou gebeur nog nie?"

R: "Somtyds vergeet ek somtyds (.5) oor die algemeen (.5) vergeet ek somtyds baie ="

M: "= Hm."

R: "Maar dan (.5) ek sal nie sê dat ek nou (2.0) as gevolg hierdie (.5) omstandighede = "

M: "= Ja?"

R: "Dat vergeetagtigheid dit die probleem [is nie veroorsaak is nie."

M: "[Ja. OK. Oraait. Um (2.0) OK, ek dink dit is al vir hierdie (.5) hierdie stuk nou. Nou gaan ek (.5) Is jy nog (.5) oraait? Wil jy 'n bietjie rus of is jy (1.0)?"

R {Laughs when she says}: "Nee, ek is nog oraait."

M: "Kan ons nog aangaan? OK?"

R: "Ja, net 'n bietjie teetjies drink."

M: "Ja."

{Marian says something about drinking the tea before it gets cold. She pours the tea. She then asks Rita whether the tea is still warm enough for her.}

M: "OK."

R: "Kan ek gou iets vra?"

M: "Ja."

M: "As hierdie kassette nou geluister word ="

M: "= Hm?"

R: "*Waar* gaan dit nou geluister word? Op 'n plek waar mense my *nie* ken

nie?"

M: "Ja, dit gaan nie deur (.5) dit gaan nie deur 'n klomp ander mense geluis- Dit gaan nie deur 'n groep geluister word nie. Wat wat gaan gebeur is dat um (1.0) ons gaan hierdie goed (1.0) op band hê sodat elke een wat (.5) daarin belangstel - daar is mos nege van ons ="

R: "= Hm."

M: "Gaan die *tape* kan kry (1.0) en sal kan neerskryf die inligting wat hulle soek ="

R: "= Hm?"

M: "Vir hulle spesifieke ding wat hulle doen. (.5) So, dit gaan net hulle nege mense wees."

R: "Hm-m."

M: "En daar mag miskien een of twee junior mense wees wat glad nie weet van wat ons doen nie, (1.0) maar wat gaan help om dit neer te skryf jy sien maar hulle gaan glad nie vir julle ken nie. Hullle gaan glad nie. (.5) Dis hoekom ons ook op die *tapes* julle kodename inskryf sodat niemand (1.0) dit gaan weet nie."

R: "Hm."

M: "Maar dit gaan nie vir groot groepe mense gegee word nie (2.0)."

R: "OK."

M: "Voel dit maar snaaks? Dit voel seker maar [snaaks."

R: "[Dit voel nie snaaks nie. Dit stel my nou weer (.5) gerus."

M: "Uh-hu. (1.0) Ja."

R: "Baie keer wil mense nie hulle name bekend gemaak word nie, verstaan?"

M: "Ja ja."

R: "Want baie kere dan's mense so bang (1.0) om op te staan vir hulle regte. Bang die boer gat (.5) hoor."

M: "Ja."

R: "Daai tipe ding."

M: "Ja."

R: "Ek wil net seker (.5) [maak."

M: "Ja. Nee, dit sal definitief nie (.5) Um. Niemand sal weet (.5). Veral nie die boere of (.5). Dit sal nooit op televisie of so persoonlik met 'n persoon gekoppel word nie. Nooit nie."

R: "Hm."

M: "OK, so jy hoef nie daaroor (1.0) te bekommer nie. Dit is hoekom julle hierdie ding teken, want (1.0) um Jy weet, julle (1.0) dis jou reg om hierdie privaat te hou. So as as ek byvoorbeeld enigsens jou informasie gaan uitgee, dan kan jy my hof toe vat. Ek mag dit glad nie doen nie. So (1.0) dis definitief .hh Die volgende ding (1.0) is nou 'n paar meer spesifieke vrae.

{SWLS}

M: "So, ek gaan baie meer spesifiek (.5) Dis sulke vraelyste wat ek graag wil doen (2.0). So wat gaan gebeur, is ek gaan vir jou 5 stellings gee (.5), 5 sinne lees (1.0), en by elke sin (.5) wil ek hê jy moet vir my jy dit luister en dan moet jy vir my sê (.5) of jy daarmee saamstem of nie. (1.0) OK? En dis sinne oor jou eie lewe. (.5) OK. Nou wat ek het hierso is (1.0) ek wil hê jy moet vir my 'n nommer gee, (1.0) as jy glad nie saamstem nie met wat ek vir

jou lees nie, dan (.5) gaan dit 'n 1 wees. (1.0) Dit beteken jy (.5) stem glad nie saam nie en as jy baie saamstem, dan gaan jy 'n 7 daarvoor gee. (1.0) OK? As jy absoluut niks daaroor voel nie, is dit 4. Dan's dit in die middel. Dan beteken dit nie veel nie. (1.0) OK? En die 2 en die 3 en die 5 en die 6 is (.5) sê nou maar jy verskil, maar jy verskil nie *so baie* nie (1.0) dan kan jy miskien 'n 2 of 'n 3 gee. (2.0) OK? En sê nou jy stem saam, maar jy stem nie *sterk* saam nie, dan kan jy of 'n 5 of 'n 6 gee."

R: "Hm-hm?"

M: "Maak dit maak dit vir jou sin?"

R: "As jy nie saamstem nie, dan's dit 1 en 'n 7."

M: "Dan's dit (.5) Nee, as jy *nié* saamstem nie, dan's dit die 1."

R: "[Hm-hm?"

M: "[As jy *baie* saamstem, dan's dit die 7."

R: "Ek sien."

M: "OK. Dié in die middel is dit so (.5) Ag, jy *worry* eintlik nie. (2.0) OK?"

R: "Hm-m."

M: "Ek sal vir jou (.5) Kom ons lees een dan dan oefen ons dit gou-gou. (1.0) Die stelling is: 'In die meeste opsigte (1.0) is *my* lewe (.5) dit beteken *jou* lewe (.5) *baie* naby (.5) aan dit wat ek as die ideale lewe beskou.'"

(3.0)

M: "Moet ek dit weer lees?"

R: "Ja, lees weer."

M: "OK. 'In die *meeste* opsigte (.5) is *my* lewe (.5) baie naby aan dit wat ek as die ideale lewe beskou.' (1.0) Sou jy sê jy stem (.5) saam baie sterk (1.0)

of stem jy glad nie saam nie (.5) of val dit hier iewers in die middel?"

(3.0)

R: "Is dit net die een *copy*? Net die een?"

M: "Ja, wil jy dit lees?"

R: "Hm."

M: "Hm-m. (2.0) Daai eerste is nommer 1."

{Silence while Rita reads. The silence continues for approximately 15 seconds.}

M {giggling apologetically}: "Sou jy sê jou lewe is die ideale lewe vir jou? (1.0) Of sou jy iets anders gekies het?"

(10.0)

R: "Nommer 2."

M: "(2.0) OK? (1.0) Bedoel jy jy kies nommer 2?"

R: "Nee, ek bedoel."

{Rita and Marian speak simultaneously. It seems as if Rita doesn't understand what is expected of her. She gave the statement that describes her the best. Marian quickly grasps what Rita means.}

M: "OK OK. So so jy voel nie jy jy verskil dit is nie jou ideale (1.0) Dit is nie jou ideale lewe nie (1.0) wat jy nou het nie?"

R: "Uh. Wag. Kan (1.0) kan uh ons na die volgende vraag toe gaan?"

M {Sounds relieved and accommodating}: "Ja! Die volgende een is: 'Die omstandighede van my lewe is uitstekend.' (1.0) Stem jy *saam* of *nie*?"

R: "Nee, ek stem nie saam nie."

M: "OK. Stem jy *stérk* nie saam nie? (2.0) Verskil jy *sterk* (.5) of net so 'n

bietjie? (2.0) Stem jy *glad* nie saam nie?"

R: "Ek stem (1.0) [*glad* nie saam nie."

M: "[Glad nie saam nie. OK. So dis 'n nommer 1."

{Marian adds a few inaudible words. It doesn't seem significant.}

M: "OK, nommer 3 sê: 'Ek is tevrede met my lewe.'"

R: "Nee, (1.0) ek stem nie saam nie."

M: "Glad nie?"

R: "Glad nie."

M: "OK. (1.0) .hh Nommer 4 sê: 'Tot dusver het ek (.5) die (.5) belangrike dinge gekry wat ek in die lewe wou gehad het'."

(3.0)

R: "Uh. (3.0) Halfpad."

M: "Halfpad. (1.0) Sou jy sê (1.0) 4?"

R {Confirms}: "Hm."

M: "OK. (2.0) En nommer 5: 'As ek my lewe kon oorhê, sou ek feitlik niks verander nie'."

R: "Ek sal feitlik *baie* verander. Hoe sal ek nou daar sê?"

M: "OK, so jy verskil eintlik?"

R: "Hm, ek verskil."

M: "So jy sou baie (.5) *baie* dinge verander het?"

R: "Ja."

M: "OK. (2.0) OK. Kan ons teruggaan na daai eerste een toe? (1.0) Die eerste een sê: 'In die meeste opsigte is my lewe baie naby aan dit wat ek as die ideale lewe beskou'."

(3.0)

M: "Dit beteken dis die lewe wat jy wou gehad het. Dis 'n ideale tipe lewe wat jy het."

R: "Nee, dit is nie (1.0) Ek (.5)"

M: "Uh?"

R: "Ek stem nie s- (.5) baie daarmee saam nie."

M: "OK. Sal ons vir jou (.5) So, dan is dit bietjie stem jy bietjie (.5) Sal jy sê jy verskil *totaal* daarvan jy stem glad nie saam nie (1.0) of (2.0) nommer 2 of 3?"

R: "Ek sal nommer 2 daar sit."

M: "Nommer 2? OK. (2.0) Oraait. Goed."

{Part on BDI}:

M: "Nou die die volgende ding wat ek gaan doen (2.0) dis *weer* 'n klomp vrae wat ek vir jou gaan lees. (1.0) OK? (1.0) Um. Dis *weer* 'n groep sinne (1.0) daar's vier sinne in elke groep. (1.0) En dan (.5) ek gaan vir jou die vier sinne lees, (1.0) OK? En dan wil ek hê jy moet kies uit (.5) elke sinnetjie of jy daai met daai s- met daai sin saamstem of nie. (2.0) OK? En ek wil hê jy moet (.5) beskryf watse sinnetjie beskryf beste hoe jy die afgelope week en vandag voel. (2.0) OK? (1.0) En jy kan meer as een (1.0) um jy kan meer as een van die (.5) van die sinne kies. So jy kan twee of drie sinne kies as hulle as jy met hulle almal saamstem. (2.0) OK? Sal ons gou probeer, dan sien jy ="

R: "= Herhaal gou wat is die eerste (.5) verwagting?

M: "OK. Ek gaan vir jou (.5) vier sinnetjies (.5) lees.

R: "Hm?"

M: "Ek gaan dit eers almal deurlees en dan wil ek hê jy moet vir my kies (.5) watter van daai sinne beskryf vir jou (.5) hierdie week en vandag (1.0) En jy kan meer as een kies. (1.0) OK? Kan ons gou probeer, dan sien ons gou hoe werk dit."

1.) M: "Die eerste een: {Reads the four items}."

(5.0)

M: "Moet ek weer vra?"

R: "Hm "

M: "OK, die eerste een: {Repeats all four items}."

(5.0)

R: "Um, (die tweede een) lees gou weer?"

M: "'Ek voel swaarmoedig of terneergedruk'."

R: "Ja."

M: "OK? (1.0) En die volgende een is (1.0) {reads item 3} en die vierde een is {reads item 4}."

(5.0)

R: "Um (3.0) Nommer 3."

M: "OK. Dis die een 'Ek is gedurig swaarmoedig of terneergedruk en kan die gevoel nie afskud nie'."

R: "Man, ek sal nou vir *gedurig* (2.0)."

M: "Hm."

R: "Sal ek nou iets (uit sal kan)?"

M: "OK. (2.0) So jy wil sê: 'Ek is swaarmoedig en kan nie die gevoel afskud nie?'"

R: "Hm, (1.0) reg (2.0) hm."

M: "OK. OK. (1.0) Is jy gereed vir die volgende een?"

R {Confirms}: "Hm-m."

M: "OK."

2.) {Marian reads items 1-4.}

(2.0)

R: "Uh, ek sal (1.0) uh verkies dat uh (1.0) uh (1.0) *you can give me an explanation about* ="

M: "= Hm? Die eerste moet ek dit weer gou-gou doen?"

R: "Wat is daai woord daar?"

M: "Ontmoedig."

R: "Ontmoedig?"

M: "Dit (1.0) OK. Dis dis as jy ="

R: "= Pessimisties."

M: "OK. 'Pessimisties' is as jy (.5) as jy (.5) donker voel oor dinge (.5) en jy voel dinge gaan nie regkom nie as jy (.5) as jy die *swart* kant van die lewe sien - *dis* pessimisties."

R: "Hm-m?"

M: "En die 'ontmoedig' (1.0) is (1.0) in Engels sê jy 'discouraged'. (1.0) Dis jy's um (1.0) jy voel nie lus om aan te gaan nie. (.5) Jy't nie meer

moed nie. (1.0) Dis om om jou moed weg te vat. (3.0) Kan ek hulle weer vir jou lees?"

R {whispers}: "Asseblief?"

M: "OK."

{Marian reads items 2-4.}

R: "(2.0) Um (2.0) Nommer 1 en 2."

M: "OK. Nommer 1 is {reads 1} (1.0) en nommer 2 is {reads 2}."

R: "Ja, *my* verduideliking ="

M: "= Uh?"

R: "Sal ek nou (1.0) sal ek graag wil verduidelik. Daai twee."

M: "Hm?"

R: "Um, ek voel ontmoedig op die oomblik, maar (1.0) ek het ook daai *moed* (1.0)."

M: "Uh?"

R: "En daai (1.0) krag om (1.0) die toekoms vorentoe ek sien uit na die toekoms om die toekoms op te bou ="

M: "Hm."

R: "Al gebeur wat ookal wat vir my *upset* ."

M: "Hm."

(3.0)

R: "Verstaan?"

M: "Ja [ja."

R: "[Dis wat ek nou."

M: "Ja. So dis twee emosies wat jy het: (1.0) die een is dat jy jy voel dit

is vir jou 'n slegte tyd, maar jy weet jy gaan (1.0) [aan die ander kant uitkom?"

R: "Ja. En ek het hoop daarop."

M: "Hm."

R: "Verstaan?"

M: "Ja ja. (1.0) En jy's reg. Dit dit gee nie vir jou daai (2.0) jou opsies is moeilik."

R: "Hm."

M: "So OK. Nommer 3."

3.) M: "Dis nou die volgende klomp sinne: {Reads item 1.}"

R: "Definitief nie."

{With these words Rita means that she agrees with item 1, i.e. that she definitely doesn't feel like a failure.}

M: "Moet ek hom vir jou sirkel nommer 2?"

{Marian reads items 2 – 4.}

(3.0)

M: "Moet ek hulle weer vir jou lees?"

R: "Ja. Lees weer vir my nommer 2, 3, en 4."

M: "OK. {Reads items 2 – 4}."

(5.0)

R: ".hhh een het ek nog watter een verkies ek nou? (2.0) Nommer 2 (1.0) Sal ek nou so (2.0) *in-between* saamstem. (1.0) Want uh somtyds dan (.5) as ek en my man ook nou (.5) woorde het, dan sê ek vir hom

altyd: 'Ek het nog nooit 'n goeie huwelik saam met jou gehad nie'. Verstaan? [So."

M: "[Hm."

M: "Hm."

R: "Want jy moet so (1.0) in die (1.0) huweliksjare moet jy so (.5) wonder: (1.5) *Wat nou*? As jy kan as jy die jare kan tel (1.0) goeie jare dié kant en slegte jare dié kant. Op die ou end dan dan lyk dinge vir jou daar's meer die slegte jare (1.0) oorskry die goeie jare, verstaan?"

M: "Ja ja. (1.0) OK. (1.0) OK. Kan ons aangaan?"

R: "Hm-m."

M: "OK. (2.0) Um."

4.) {Marian reads the four items of number 4.}

R: "Lees weer?"

M: "OK."

(4.0)

R: "Ek stem nog ek stem nie saam met die (1.0) vier punte nie."

M: "OK. (2.0) So jy's jy voel *nie* ontevrede met alles nie, nè?"

R: "Nee."

M: "OK. En (1.5) Ged- (1.0) Ek gaan hulle gou-gou (.5) weer lees ="

R: "= Of uh (.5) hoe sal ek sê (.5) verduidelik elke punt (.5) vir my."

M: "OK."

R: "Net op meer'n eenvoudiger manier."

M: "OK. {Reads item 1 and explains}: "Dit beteken jy (.5) geniet dinge

net so baie soos jy altyd dinge geniet het."

R: "Ja. Ja, ek stem saam met daai punt "

M: "OK. OK. Moet ek die anders doen? [Of wil jy daai een kies?"

R: "[Ja."

M: {Reads item 2 and explains}: "Dit beteken (1.0) um gewoonlik geniet ek dinge baie, maar op die stadium (.5) is is dit nie so lekker soos dit aityd was nie."

(3.0)

M: "OK."

R: "Ek stem nie saam nie "

M: {Reads item 3 and explains}: "Dit beteken jy geniet niks meer nie."

R: "Hm-m. Ek stem nie saam nie."

M: {Reads item 4 and explains}: "Niks is vir jou lekker nie. OK."

R: "Nee, dis net nommer 1."

5.) {Marian reads all the items once.}

(5.0)

R: "Laat ek hulle weer "

M: "Wil jy hulle kyk? Die vyfde een."

{Rita reads the items herself. Approximately 10 seconds go by.}

R: "Uh. Ek sal nommer (5.0) kies ek voel nie besonder skuldig nie."

M: "OK. (1.0) Is dit vir jou makliker as jy dit self. Ek moet dit vir jou lees, maar dink jy dit sou vir jou makliker gewees het as jy dit (1.0) *self* gelees het (1.0) en *self* ingevul het?"

R {Agrees}: "Hm. Hm."

M: "OK. (1.0) Ek besef dit, hoor. So jy moet maar sê as ek moet herhaal."

6.) {Marian reads the first two items.}

R: "Ek stem saam met die eerste een."

M: "OK. Moet ek die ander lees of [is jy (.5)"

R: "Ja, lees die anders."

{Marian reads the rest of the items.}

(10.0)

R: "Jy weet somtyds (2.0) dan dink 'n mens, (1.0) jy *sê* altans: Ai, wat het ek gesondig (.5) om *dit* te kan verdien?"

M: "Hm."

R: "Wat het ek gedoen dat ek al die dinge oorkom? Daai kom (2.0) *baie* dikwels by (2.0) ons vroue (1.0) wat met sulke probleme te doen kom."

M: "Hm."

R: "Kom baie dikwels vra ons vir onsself daai vraag af."

M: "Hm."

R: "Wat het jy (1.0) verkeerd (.5) of jy nou NIKS verkeerd gedoen het nie, verstaan? Somtyds dan as die die die die (1.0) dan as hy te veel drink, dan vra jy: Wat het ek ge*doen* om dit te kan verdien?"

M: "Hm."

(5.0)

R: "Lees weer vir my die laaste paar."

{Marian repeats the last three items.}

{Rita chooses the first item; asks that the first item be repeated. After hearing the first item again, she doesn't agree with it anymore. In the end she chooses the last item.}

M: "So jy bedoel eintlik (1.0) die eerste een {reads item 1}. Jy jy so jy sê eintlik vir my partykeers voel jy so, maar ander kere voel jy weer (1.0) daar is (.5) dit moet 'n straf wees (.5) die lewe."

R: "Ja."

M: "Hm."

R: "Die eerste een: 'Ek voel (.5)?

M {repeating the first item}: "'Ek voel *nie* ek word gestraf nie'."

R: "(2.0) Nee, nee. (1.0) (Ek voel nie so nie)."

M: "Moet ek hom uitkrap?"

R: "Hm."

M: "OK. (3.0) OK."

7.) {Marian reads the four items.}

(8.0)

R: "Lees weer die een vòòr 'Ek voel ek haat myself'."

{Marian reads item 3.}

R: "Verduidelik dit vir my, asseblief?"

M: "Um. Dit is as dis nie haat nie, maar (.5) jy (1.0) hou nie baie van jouself nie. Jy voel ="

R: "= Nee, ek het nog nie ek (1.0) kry nie daai gevoelens teenoor myself

nie."

M: "Hm."

R: "Nie een van hulle nie."

M: "OK. So, die eerste een: 'Ek voel nie teleurgesteld in myself nie'."

(7.0)

R: "Weet jy, nogal somtyds, verstaan jy?'

M: "Hm hm."

R: "Ja. (1.0) Ek dink ons (1.0) elkeen van ons (1.0) het maar (.5) ons uh swak bede (1.0) en dan dink jy: Ai, (1.0) hoekom het ek dit gedoen (1.0) en dan sou ek nie *dit* bereik het nie of sou nie *dit* gedoen het nie of ek sou nie *dit* oorgekom het nie."

M: "Hm."

R: "Ja."

M: "En vandag? As jy moet sê *vandag* (1.0) voel jy teleurgesteld in jouself of nie?"

R: "(3.0) Wat is daai punt voor ons verder gesels daai eerste ene."

M: "'Ek voel nie teleurgesteld in myself nie'."

R: "Ek voel nie teleurgesteld in myself nie. Waar's ek nou?"

{Rita laughs, and Marian joins in.}

(5.0)

M: "As jy dit vir *vandag* moet antwoord?"

(4.0)

R: "Ek is teleurgesteld in myself (3.0) (eintlik)"

M: "OK."

11.)M: "As dit moeilik is om te antwoord (.5) as jy nie kan dink nie, dan (.5) probeer om vandag te om van- vir vandag jy weet want dit verander mos (1.0) van tyd tot tyd. So probeer om vandag se gevoelens (1.0) OK? (1.0) te antwoord. OK. Die volgende. Is jy nog by? {laughs apologetically}"

R: "Ja, ek is nog by. .hhh hhh."

12.)M: "OK, (.5) dis nog nie meer lank dink ek nie. OK, die volgende klomp: {reads items 1-4}."

(6.0)

R: "Ek stem *nie* saam met enige van hulle nie, (1.0) want my belangstelling is (1.0) in mense is nog steeds (2.0) {Marian and Rita speaks simultaneously. Words inaudible on tape.}

M: "Wat van nommer 1: 'Ek het *nie* belangstelling in ander mense verloor nie'?"

R: "*Nee*, ek het nie belangstelling verloor in ander mense nie."

M: "OK."

13.) M: "Die volgende klomp: {Reads items 1-4.}"

R: "Ek neem besluite moeiliker."

M: "OK."

14.) M: "Die volgende klompie: {Reads items 1 and 2}."

{Rita interrupts Marian before she can go on to items 3 and 4.}

R: "Ek voel dat ek slegter as gewoonlik lyk."

M: "OK. {Laughs together with Rita.} Kom ons sien of hy inpas 'Ek is bekommerd daaroor dat ek oud (.5) of onaantreklik lyk'."

R: "Ek is nogals bekommerd."

{Both laughs.}

M: "OK, {Reads items 3 and 4}."

R: "Nee, ( )."

M: "OK. (1.0) Wil jy jy't nommer 2 (.5) 2 gekies?"

R: "Uh (1.0) lees *weer* gou vir my almal?"

M: "OK."

R: "Want ek het dan nou so (1.0) saamgestem. Ek dink ek het saamgestem met twee dinge."

M: "OK, {Reads all four items}."

(4.0)

R: "Ek het nommer 2 gekies, nè?"

M {Agrees}: "Hm-m ."

R: "Lees weer vir nommer 2?"

{Marian repeats item 2.}

R: "Ja."

M: "OK."

15.)M: "Die volgende klomp: {Reads all four items}."

R: "Nommer 1? (2.0) Lees hom net weer vir my?"

M: "Ek kan byna (.5) net so goed soos tevore werk."

R: "Ja."

M: "OK."

M: "Ek dink ek en jy snap nou die ding! Ons gaan goed hierdeur."

{Laughs with Rita.}

16.) M: "Die volgende klomp: {Reads items 1-4}."

R: ".hhh hhh. Lees weer vir my van die begin af?"

M: "Goed. {Repeats all the items of number 16}."

R: "Die middelste een. Van bo af die tweede een."

M: "Ek slaap nie so goed soos gewoonlik nie?"

R: "Ja."

M: "OK."

17.) M: "Oraait. Die volgende klompie: {Reads items 1-4}."

R: "Ek word nie moeër as gewoonlik nie."

M: "OK."

18.) M: "Oraait. Die volgende klompie: {Reads item 1}."

R: "Hm."

M: "Moet ek hom doen?"

R: "Ja."

M: "OK. Ek sal die ander lees: {Reads items 2-4}."

R: "Dis net daai een punt wat ek gesê het."

M: "OK. My eetlus is nie slegter as gewoonlik nie."

19.) M: "OK. Die volgende klompie: {Reads items 1-4}."

R: "Nommer 1."

M: "Ek het nie onlangs enige gewig verloor nie?"

R: "Hm."

M: "OK (1.0) Um (1.0) OK. Nou moet jy vir my 'Ja' of 'Nee' sê: 'Ek probeer doelbewus gewig verloor deur minder te eet'."

(5.0)

R: "Nee."

M: "OK. (1.0) Nog net die laaste stuk."

20.) {Marian reads items 1 and 2.}

R: "Ja."

M: "OK. {Reads items 3 and 4 as well}."

R: "Ek moes 'Ja' of 'Nee' geantwoord het, nè?"

M: "Um (.5) Jy moet weer. Nee, jy moet weer een kies (.5) soos voorheen. Jy moet weer een van daai kies of of meer as een kies."

R: "O."

M {in a very discouraged voice}: "Ja, moet ek hulle weer lees?"

R: "Ja, 'seblief?"

M: "OK."

R: "Want ek dog toe ek moet 'Ja' (1.0) of ['Nee' "

M: "[Ja, want ek het mos nou net gesê van die 'Ja' 'Nee' (1.0) Ja-nee. Dit was net vir daai een vraag."

R: "Dit was net vir daai een vraag."

M: "So hierdie is weer soos die voriges. OK."

R: "Hm-m."

M: "OK, ek gaan hulle weer lees: {Repeats items 1 en 2}."

R: "Ja."

M: "OK. {Reads items 3 and 4 as well}."

R: "Ek stem ( )"

M: "OK. Daai een. Oraait."

21.) M: "Nou die laaste klompie: {Reads all the items of number 21}."

(4.0)

R: "Ek moet nou (2.0) iets soek (1.0) hierso wat weer wat wat *MY* antwoord gaan (1.0) wat wat gaan sin maak op die einde van die dag. Ek kan net vir jou sê: Jong, (1.0) my gevoel is nou net *in-between* ="

M: "= Uh."

R: "Verstaan jy?

M: "Uh."

R: "Nou met ons weer 'n sin soek wat nou (1.0) "in-between" gat {Laughs} wat gelyk is aan *in-between*. {Laughs together with Marian}"

M: "JA."

R: " Verstaan jy nou?"

M: "Ja. Kan ek dit weer vir jou lees en dan sien ons gou. {Repeats items 1 and 2}."

R: "Ja."

M: "OK, (1.0) nommer 3: {Reads item 3}."

R: "Daai vorige een."

M: "Ek stel minder in seks belang as gewoonlik?"

R: "Hm."

M: "OK. (1.0) Oraait. So daai een is ook nou klaar. (2.0) Daar's nou nog net hierdie enetjie wat ek wil doen. Wil jy net so 'n paar minute net rus?"

R: "Ja, (1.0) so 'n paar sekondes."

M {laughing}: "OK."

R{Rita yawns heartily!}: "Kyk hoe gaap ek nou!"

M: "Wat doen jy gewoonlik op op op 'n Saterdagmiddag?"

R: "As ek nie vergaderings het nie, dan (1.0) maak ek skoon en (1.0) en kuier ek 'n bietjie (1.0) by my buurvrou of ek gaan uit na my vriende toe buite op die plaas."

M: "Ek sien, ja. (1.0) Dis maar 'n opoffering om hierso te kom. Ek is baie baie dankbaar dat jy dit dat jy jou Saterdagmiddag."

R {Laughing}: "Ek is so ingespanne (1.0) om weg te wees van die huis af. Die kinders het gesê: 'Mamma is *nooit* by die huis nie!'"

M {Laughing with Rita}: "Is dit?"

R: "Mamma bly weg! {Rita then provides her answer to their accusation without introducing it first:} Nee, toe maar, ek slaap nie uit die huis nie!"

M: "Hm-m."

R: "Ja."

M: "OK."

R: "Somtyds as dit koud is, dan slaap ek nou 'n bietjie. Ek en die ou (1.0)

seuntjie."

M: "Hm hm."

R: " Maar nou sal dit baie laat wees (1.0) (en vervelig miskien)."

M: "Ja."

R: "Dan slaap ek in die middag."

M: "Speel hy nou (1.0) alleen daar?"

R: "O, hy is 'n *buitekant-kind*. (1.0) Ek het vir hulle gesê hulle moet hom in die huis hou vandag."

M {Laughs}: "Shame!"

R: "Hy's (.5) baie (1.0) hiperaktief."

M {Still laughing}: "Ag, moeder!"

R: "Ja. Dit sukkel maar om vir hom by die huis te kry!"

M: "Is dit? Is dit lekker op die plaas vir kinders? Is dit 'n lekker plek om te speel en groot te word, dink jy?"

R: "Ja (1.0) Daar is 'n speelpark vir die kinders, maar (1.0) dis 'n bietjie (.5) somtyds is dit 'n bietjie (1.0) gevaarlik."

M: "Hm?"

R: "Met die valslag hy het die een van my het met 'n gaatjie in die kop huis toe gekom."

M: "O, jinne, ja."

R: "Maar dink jy hy gaan wegbly? (1.0) Hy gaan net weer!"

M {Laughs}: "En Ma moet maar *worry*!

R: "Hm."

M: "OK. (2.0) Hoe voel jy? Sal ons hom klaarmaak? Dan kan ons (.5) vir

Lou-Marie gaan kry."

R: "Ja, ons kan maar klaarmaak."

M: "OK. (1.0) Ek moet dit nou vertaal terwyl ek dit vir jou gee. (1.0) So, ek gaan nou 'n bietjie stadiger wees. OK? Al wat ek wil hê jy moet vir my sê (.5). Dis 20 vrae en ek wil net hê jy moet sê 'Ja' of 'Nee'. (.5) So dis baie makliker as al die ander. Die eerste een is: (2.0) Was jy oor die afgelope tyd (1.0) Um kon jy konsentreer op wat jy gedoen het?"

R: "Ja."

M: "OK."

(3.0)

M: "Nommer 2: Het jy oor die afgelope tyd um slaap verloor oor jy so baie ge-*worry* het of bekommer het?"

(5.0)

R: "Soms dan het ek nogals um later gaan slaap as gewoonlik. Van *net dink.*"

M: "Hm."

R: "Verstaan?"

M: "Hm hm."

R: "En dan is daar niks lekker op TV nie. Dan sit en ek kan nie. Ek *voel* maar ek gaan nie slaap nie, (1.0) nou sit ek maar nou net so voor die TV."

M: "Hm, ja. So jy sal sê 'Ja'. Jy hét nogals ="

R: "= Ek sal sê 'Ja'."

M: "OK. Nommer 3: Um Het jy onlangs gevoel (1.0) dat jy 'n (3.0) dat jy 'n bydrae (1.0) lewer in dinge (1.0) dat jy 'n belangrike rol speel in dinge?"

R: "Ja."

M: "OK. Nommer 4: Het jy onlangs gevoel dat jy kan besluite neem oor dinge?"

R: "Ja."

M: "OK. Nommer 5: Het jy onlangs gevoel dat jy konstant onder druk is?"

R {Asks about the meaning of the question}: "(Explain?)"

M: "Um onder druk soos dat dat jy stres. Dat jy (1.0) dat baie druk op jou is dat jy (1.0) um."

R: "Ja."

M: "OK. (1.0) Nommer 6: Het jy onlangs gevoel dat jy nie oor jou probleme kan kom nie?"

R: "Nee, ek het nie daai gevoel gehad nie."

M: "OK. Nommer 7: Um (1.0) Het jy onlangs gevoel dat jy normale daaglikse dinge en aktiwiteite kan geniet?"

R: "Ja."

M: "OK. Nommer 8: Het jy onlangs gevoel dat jy (.5) um dat jy jou probleme in die gesig kan staar dat jy kan =?"

R: "= Ja ="

M: "= kan konfronteer."

R: "Ja."

M: "Nommer 9: Um Het jy gevoel dat jy ongelukkig of depressief is?"

R: "Ja."

M: "OK. (.5) Nommer 10: Het jy onlangs gevoel dat jy besig is om vertroue in jouself te verloor?"

R: "Nee."

M: "Nommer 11: Het jy onlangs gedink (1.0) van jouself gedink as 'n persoon wat nie waarde het nie?"

R: "Nee."

M: "Het jy onlangs gedink um of gevoel dat jy (1.0) dat jy eintlik nogals gelukkig is as jy nou alles bymekaar moet (1.0) moet tel en (1.0) Het jy gelukkig gevoel?"

R: ".hhh hhh. Ja, (1.0) ongeag alles het ek (1.0) weer eens vergeet van die hartseer en weer die moed in die lewe gekry ( )."

M: "OK."

R: "Uh wag! Lees gou weer?"

M: "Het jy onlangs gevoel dat jy, (1.0) as jy nou alles moet optel (.5) dat jy eintlik maar redelik gelukkig is?"

R: "Ja."

M: "OK. Nommer 13: Het jy onlangs gevoel um dat jy dit regkry om jouself (1.0) betrokke en besig te hou?"

R: "Ja."

M: "OK. Die volgende een (1.0) um Nommer 14: Het jy onlangs gevoel dat jy (1.0) soveel as soos gewoonlik uit die huis uit kom dat jy net soveel as gewoonlik uit die huis uit kom?"

R: "*Repeat*?"

M: "OK. Het jy onlangs gevoel dat jy net soveel as gewoonlik uit die huis uit kom?"

(6.0)

R {Asks if they can go on to the next question}: "( )"

M: "Hm-m. OK. Nommer 15: Het jy onlangs gevoel (1.0) dat oor die algemeen jy dinge nogals goed doen?"

R: "Ja."

M: "OK. Nommer 16: Het jy onlangs gevoel dat jy (.5) tevrede is met die manier waarop jy dinge doen (1.0) en jou (.5) jou take doen?"

R: "Ja."

M: "Nommer 17: Um Het jy onlangs gevoel (1.0) um dat dinge vir jou (1.0) dat jy gevoel het dat dinge nogals vir jou *hard* is in die afgelope tyd?"

R: "Ja. Ek het nogals so gevoel."

M: "Hm-m. (1.0) Nommer 18: Het jy onlangs gevoel um dat alles eintlik maar te veel vir jou begin word?"

(8.0)

R: "Nee."

M: "OK. Nommer 19: Het jy onlangs gevoel dat jy die heeltyd (1.0) um senuweeagtig en bekommerd is? (1.0) En *tense*. Jy weet, as jou liggaam (1.0) [*tense* is."

R: "[Ja."

M: "Nommer 20: Het jy onlangs gevoel (1.0) um dat daar tye is dat jy net niks kan doen nie omdat jou senuwees te erg is?"

R: "Nee."

M: "OK. Ek gaan net terugkom na daai ander een toe."

R: "Hm-m."

M: "OK? Um (1.0) Nou watse nommer was hy?"

M & R: "Nommer 14."

{Laughing together.}

M: "Jy onthou goed. OK. Um Het jy onlangs gevoel dat jy net soveel as gewoonlik uit die huis uit kom? (1.0) Met ander woorde dat jy net soveel soos ander kere uit die huis uit gaan?"

R: "Nee."

M: "OK. Dis klaar. (1.0) Kan jy kan jy vir my sê (.5) um (1.0) hoe hoe dit was vir jou?"

R: "Dit was (1.0) interessant."

M: "Hm-m? OK."

R: "Dit was vir my asof dit nou weer lekker soort van medikasie (2.0) om 'n bietjie weer uit te bring."

M: "Hm."

R: "En gesels. (1.0) Al was dit net vrae wat jy moes geantwoord het, (1.0) maar dit het weer gehelp."

M: "Ja."

R: "Gewig van jou skouers af."

M: "Ja. Ja. (1.0) Kan jy vir my (.5) Wat het jy verkies? Die die begin toe ons meer (1.0) Ons het meer mos net gepraat, nè? En toe die laaste helfde moes jy al hierdie vrae beantwoord. Wat was vir jou Wat het jy verkies? Watse deel van hierdie (.5) sessie met saam met my het jy verkies?"

(4.0)

R: ".hhh Jy weet, niks was nogal vir my moeilik nie."

M: "Hm."

R: "Niks was nogals vir my moeilik nie."

M: "OK."

R: "In die begin (1.0) toe ek hier aangekom het in die gebou {Laughs} Toe ek van die *toilet* af kom, (1.0) toe ek daai *tape* sien, toe begin ek {Marian and Rita laugh together} toe begin my senuwees te werk en ek dink ek gaan niks praat nie!"

{Marian laughs.}

R: "Verstaan, maar toe ek nou weer (1.0) die moed geskep het ="

M: "= Ja."

R: "En weer in die ding is, toe's alles weer 'n *big ball*!"

{Laughter from both.}

M: "OK. Ek is bly!"

{Again, laughter.}

R: "Ja."

M: "En nou? Is jy nou gemaklik met die *tape* wat?"

R: "Ja, ek is gemaklik."

M: "OK, ek is bly."

{Rita laughs again.}

R: "Toe ek kom van die *toilets* af (1.0) en die groot ding is op die tafel en ek het net so gekyk, {laughter from both} toe dink ek ek gaan niks praat nie ( )"

M: Jy't vir my gelyk asof jy dit baie goed hanteer, so."

{Again, laughter.}

{Rita then talks about the way the women handle a group meeting and how they sometimes find it difficult to start a discussion. They then discuss how Rita prefers to be adressed by Marian. The arrangements for their next

interview are finalized.}

THE FIRST INTERVIEW

Rita and Marian

Journal

I had heard of the respondent before and had imagined her to be a large, perhaps even imposing person. The short, spontaneous woman I met surprised me tremendously. My immediate awareness was of not knowing at what level to meet her. Because I could assume very little of the things one so easily assumes when conversing with someone of the same social group as you, interest, education, ability, etc. Typical of me, a lot of effort goes into 'saving' or accomodating the person. To save the person, I often assume as subordinate role. And in this interview I was soon uncomfortable that the chair I was sitting on was higher than the couch she had, and sat on the floor at her feet, as it were. I wondered, fleetingly as I did so, whether the less professional position might make her even more uncomfortable? She seems a really strong and adaptable person, though, and warmed to whatever was transpiring quite easily. I like her and think we established a basic rapport on which we can build.

The clinical interview went off easily, although I am not sure I spent enough time on the presenting problems. I felt rushed to finish and yet finished well ahead of time. I hated doing the Life Satisfaction Questionnaire and the Beck. My subjective experience of time was much longer than it actually was, but it felt awfully clumsy. I felt that reading it instead of letting her read it

was disempowering her and that she was forced to struggle on something she could have probably handled easily on her own. She did not understand many words, nor the 7-point scale, and found the Beck options limiting. The stories she insisted in including were much more substantial. The General Health Questionnaire was easy to administer.

I find myself wondering why on earth she is doing this project with us. Even though she told me it was helpful to her.